

Gereformeerde Kerk Bellville – 13 Januarie 2019 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 26:1, 2 (p. 121)

- 1 O HEER, doen aan my reg! / Ek wandel as u kneg
en wil opreg met U verkeer. / Op U alleen vertrou ek;
op U, my Rotssteen, bou ek, / ek sal nie wankel, troue HEER!
- 2 Beproof my van omhoog, / deurstraal my met u oog;
want op u guns verlaat ek my. / Deurgrond al my verlange
en toets my in my gange, / want dis u waarheid wat my lei.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 33:1, 2 (p. 157)

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde en lof verklank!
- 2 Sing nuwe sange, nuutgebore / uit aandrif van die skoonste kuns;
trompetgeklank deur tempelkore / moet danksê vir Gods nuwe guns.
Wat ons toegeseg is / in Gods Woord wat reg is, / het ons hart verbly;
en Gods almagsmerke / sien ons op sy werke – / waar en reg soos Hy.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 19:6, 7 (p. 83)

- 6 Hoe word, deur U vermaan, / my weg 'n helder baan, / en my verwagting skoon!
Hy wat u wet bemin, / die vind, o HEER, daarin / 'n groot genadeloon.
Wie kan van voor af aan / sy dwalinge verstaan / en al wat hom ontbreek het?
HEER, reinig U my tog / van sondes wat daar nog / diep in my hart bly steek het.
- 7 Bewaar my vir die kwaad / dat ek met trotse daad / u heil'ge wil weerstreef;
laat nie die sonde my / oorheers, dan sal ek vry / van groot oortreding leef.
Laat tog my tong en mond, / my hart se diepste grond, / o HEER, op wie 'k vertrou het,
U welbehaaglik wees / wat in my hart kan lees – / my Rots, op wie 'k gebou het.

Gebed

Psalm 139:1, 12 (p. 674)

- 1 Daar 's niks voor U bedek, o HEER! / U skou uit eewige dieptes neer
en sien my hart en wandel aan: / al wat ek doen, my sit en staan,
of wat in my diep weggesink het – / U weet al wat my hart bedink het.
- 12 Deurgrond, o HEER, en ken die swart, / verborge dieptes van my hart;
of diep in my, waar U kan lees, / 'n skadelike weg mog wees.
En lei voortaan my wank'le skrede / tog op die weg van eewige vrede.

Skriflesing: Matteus 7:13-20; Jeremia 23:9-32

Kernverse: Matteus 7:15-20

Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is. Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. 'n Mens pluk tog nie druiwe van dorings of vye van distels nie! So dra elke goeie boom goeie vrugte; maar 'n slegte boom dra slegte vrugte. 'n Goeie boom kan geen slegte vrugte dra nie, en 'n slegte boom ook geen goeie vrugte nie. Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi. So sal julle hulle dan aan hul vrugte ken.
(Matteus 7:15-20 AFR53)

Tema: Is jy seker dat jou predikant eg is?

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, aan die einde van die bergpredikasie lei die Heilige Gees ons met Jesus woorde om 'n besliste keuse te maak. Vir ons wat gewoond is om uit 'n magdom moontlikhede te kan kies, is Jesus se woorde skokkend. By 'n vorige geleentheid het ons by vers 13 en 14 van hierdie hoofstuk stilgestaan. Daarmee het Jesus ons daarop gewys daar is twee paaie – 'n moeilike een en 'n maklike een, daar is nie 'n middeveg nie; daar is net twee poorte – 'n nou een en 'n breë een, daar is nie nog een nie; daar is net twee groepe mense in die wêreld – 'n klein groepie en 'n groot groep, daar is nie 'n neutrale groep mense nie; en daar is net twee bestemmings aan die einde van die lewe – die lewe of verderf, daar is nie 'n derde alternatief nie.

Vanoggend lei die Heilige Gees ons om raak te sien dat daar ook net twee soorte leermeesters is – valse en ware leermeesters. Met hierdie deel van sy onderrig dwing Hy elkeen wat sê hy is 'n leermeester in die Here se diens om diep en ernstig na homself te kyk. Maar met hierdie onderrig roep Jesus alle gelowiges op om hulle leermeesters te ondersoek. Geliefdes, vanoggend roep die Here u om die predikant in hierdie gemeente te ondersoek aan die hand van die sake wat Hy ons vanoggend leer.

Wanneer Jesus sê: **Pas op vir die valse profete**, kan ons aanneem dat daar regtig sulke soort leraars is. Dit is tog sinneloos om 'n bordjie op die tuinkekkie te sit wat lees “Pas op vir die hond” as jy net 'n lui huiskat en 'n papegaai in 'n kou het. Die besoekers wat die bordjie aan die tuinkekkie sien, sal aanneem dat daar 'n hond is, hoewel die eienaar van die huis moontlike kwaaddoeners daarmee om die bos probeer lei.

As Jesus sê: **Pas op vir die valse profete**, het Hy geensins die bedoeling om enigiemand om die bos te lei nie. Jesus is immers die waarheid en die weg en die lewe. En sy woorde is daarop gerig dat mense Hom sal volg sodat hulle by die Vader kan uitkom. Met hierdie waarskuwing wil Jesus ons eerder daarop bedag maak dat daar reeds valse profete is. In die Ou Testament lees ons op verskeie plekke van hulle. In die tyd van Jesus se lewe op aarde was daar ook valse leraars. Hy het die Fariseërs en Sadduseërs so beskou. Hy het hulle selfs blinde leiers van die blindes genoem. En kort voordat Jesus gekruisig is, het Hy sy volgelingen weer gewaarsku oor die valse leraars. Trouens, Hy het gesê dat hoe nader die einde van die wêreld kom, hoe meer sal die valse leraars ook word en hulle sal baie mense mislei.

In bykans elkeen van die briewe in die Nuwe Testament hoor ons ook van hierdie valse leraars. Hulle word valse profete genoem omdat hulle beweer dat hulle deur God geïnspireer is om te preek. Sommige het bekend gestaan as valse apostels omdat hulle voorgegee het dat hulle apostoliese gesag het. Daar sal selfs valse christusse wees. Kort voor die weder-koms van ons Here Jesus sal daar baie valse christusse wees wat sal

voorgee dat hulle die Seun van God in die vlees is. Maar nie een van hierdie sogenaamde leraars mag geglo word nie. Hulle is deur en deur leuenaars en moenie geglo word nie.

Broers, susters en kinders, uit Jesus se waarskuwing kan ons ook 'n tweede aanname maak, naamlik dat daar 'n vaste waarheid is wat van die leuens van die valse leraars onderskei kan word. Die begrip *valse leraars* sou tog betekenisloos wees as daar nie waarheid was nie. In die Bybelse tye het ware profete die waarheid gepraat onder leiding van die Gees van God. Valse profete, aan die ander kant, het ook aanspraak gemaak op die leiding van die Here, maar hulle het inderwaarheid leuens versprei.

Jeremia het die twee soorte leraars duidelik teenoor mekaar gestel. Valse profete praat oor visioene wat hulle self uitgedink het. 'n Ware profeet staan immers in die raadskamer van die Here. Daar hoor hy die Here se woorde en hy deel hierdie woorde aan die volk mee. En 'n bietjie verder aan sê Jeremia: die profeet wat 'n droom gehad het, mag vertel wat hy gedroom het, maar hy wat die Here se woord ontvang het, moet dit eerlik oordra. 'n Mens kan nie strooi met die beste koring vergelyk nie.

Met hierdie twee aannames wat ons uit Jesus se woorde maak, kan ons ook duidelik aflei dat Jesus nie sinkretisties is nie. Dit wil sê, Hy laat nie toe dat die leuen en die waarheid met mekaar vermeng word tot 'n nuwe soort leer nie. Intendeel, die waarheid en die leuen sluit mekaar wedersyds uit. Waar die waarheid seëvier, is daar nie plek vir die leuen nie. En waar die leuen indring, word die waarheid uitgedring.

Geliefdes, uit Jesus se onderrig kan ons vir seker weet dat daar vandag steeds valse leraars is – vandag nog meer as wat daar was in die tyd van Jesus op aarde. Dit is die mense wat die Here se woord op vreemde maniere vir mense wil uitlê. Dit is die mense wat ander betekenis aan die Here se uitsprake gee as wat daar letterlik van verstaan kan word. Dit is onder andere die mense wat homoseksuele verhoudings en optredes vandag wil goed-praat omdat die Here in die Bybel kwansuis iets anders met homoseksuele verhoudings bedoel het. Dit is onder andere ook die mense wat tussen die enigste ware godsdienste en al die ander verskillende godsdienste in die wêreld sekere raakpunte sien en elemente van die heidense godsdienste met die Christelike geloof wil vermeng. Hierdie mense wat die leuen en halwe waarhede in die Naam van die Here verkondig, word deur Jesus valse profete genoem.

Daar is twee redes waarom Jesus ons teen hierdie valse profete waarsku. Hulle is misleidend en hulle is gevaarlik. Jesus sê hulle kom in skaapsklere. Die honde en die varke van vers 6 kan ons maklik uitken aan hulle slegte gewoontes. Maar die valse profete is anders, want hulle vermom hulleself soos skape en sluip stilletjies in die kudde in. Valse profete is soos wolwe in skaapsklere. Hulle lyk soos skape en ruik soos skape en loop soos skape. Die skape verwelkom hierdie "skaap" tussen hulle as een van hulle sonder om eers enigsins agterdogtig te raak.

Valse leraars word nie sommer aan hulle uiterlike uitgeken nie. Hulle lyk soos die ander kinders van die Here. Daar is uiterlik niks aan hulle wat 'n mens agterdogtig sal maak nie. Hulle het nie horinkies op hulle koppe of gepunte sterte of 'n vurk in die hand nie. Die duiwel self het die vermoë om homself as 'n engel van die lig voor te doen, daarom sal hy aan sy vennote ook die vermoë gee om hulleself vir die kerk van die Here te vermom. En teen die tyd dat hierdie valse leraars se ware karakter duidelik word, is dit te laat, want dan is die skade klaar gedoen.

Ons moet dit maar onthou, 'n valse leraar sal hom nie self aan die kerk bekend stel as 'n valse leraar nie. Inteendeel, hy maak daarop aanspraak dat hy die waarheid praat. Hy sal voorgee om vroom te wees en hy sal selfs die geloof wat ons bely woordeliks napraat om die gelowiges te oortuig dat hy tog geloofwaardig is. Alhoewel hy dieselfde woorde as die gelowiges napraat, kan hy iets heeltemal anders daarmee bedoel. Hy kan sy duistere be-doelings ook agter groot titels en grade skuilhou. Daarom moet die gelowiges daarop bedag wees om iemand wat die naam van predikant het somer maar net te glo omdat hy 'n predikant of 'n professor in teologie is. Daar moet maar gekyk word wat is onder die wolle-tjies – 'n skaap of 'n wolf.

Die tweede rede vir Jesus se waarskuwing is omdat die valse leraars gevaarlik is. Hoewel hulle in skaapsklere kom, is hulle eintlik verskeurende wolwe. Teenoor 'n wolf is 'n skaap maar weerloos. Daarom was 'n goeie herder in die tyd van die Nuwe Testament altyd op die uitkyk vir wolwe omdat hy sy skape wil beskerm. 'n Huurling sal weghardloop wanneer hy 'n wolf sien, want dit is nie sy eie skape nie.

Die goeie herder sal die skape van die Here met waarheid versorg. Die valse leraar sal soos 'n wolf probeer om die skape onderling te verdeel en uitmekaar te jaag, terwyl die "professionele" spreker niks sal doen om die skape van die Here teen die valse leraars te beskerm nie. Omdat valse leraars so uiters gevaarlik is, het die Heilige Gees vir Paulus gelei om by geleentheid die ouderlinge in Efese so te waarsku:

Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het. Want ek weet dit, dat ná my vertrek wrede wolwe onder julle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie. Ja, uit julle self sal daar manne opstaan wat verkeerde dinge praat om die dissipels weg te trek agter hulle aan. (Handelinge 20:28-30 AFR53)

Leuens, watter leuens? Leuens soos wat daar in die dae van Jeremia deur die valse profete verkondig is. Hulle het die volk gerus gestel en gesê daar is net vrede vir hulle. Nooit het hulle die volk gehelp en gelei om van hulle sondes ontslae te raak nie. En die kere wat Jeremia skerp die Here se oordeel oor die sondes verkondig het, is hy verkwalik en as 'n moeilikheidsmaker beskou. Omdat 'n valse leraar nie besorg is oor die skape van die Here nie, sal hy hulle aan die slaap sus in hulle sondes.

Valse leraars is geneig om die verlossingsboodskap te verduister. Party van hulle verkondig hulle verstaan van die evangelie op so 'n wyse dat die hoorders glad nie by die nou hek kan uitkom nie. Christus, as die enigste en volmaakte Verlosser, word doodeenvoudig nie verkondig nie. Sommige van hulle wil selfs sê dat die smal paadjie waarvan Jesus gepraat het, nie werklik so smal is nie. Volgens hulle hoef jy nie te veel van jou ou manier van lewe agterlaat nie; Jesus aanvaar jou soos jy is. Dan is daar ook ander wat teenoor Jesus wil verklaar dat die breë pad nie regtig na ondergang en vernietiging lei nie. Inteendeel, hulle beweer dat die breë pad maar net nog 'n manier is om by die Here uit te kom. Daarom is dit geen wonder dat Jesus die valse leraars verskeurende wolwe noem nie. Hulle gee net mooi niks om vir die skape nie, want hulle eintlike bedoeling is om mense te mislei en te verlei weg van die Here af.

Geliefdes, alhoewel die valse leraars die kuns aangeleer het om hulleself vir die kerk van die Here te vermom, is daar tog 'n manier om hulle uit te ken. Jesus sê: **aan hulle vrugte sal julle hulle ken.** 'n Wolf kan skape nog vir 'n tyd lank om die bos lei, maar 'n boom kan dit nie doen nie. Doringstruik kan nie druiwe voortbring nie en dissels kan nie vye lewer nie. Net so kan 'n valse leraar nie vir altyd die kerk van die Here om die bos lei en mislei

nie. Elke goeie boom dra tog goeie vrugte, maar 'n slegte boom dra slegte vrugte. Dit is immers onmoontlik dat 'n goeie boom slegte vrugte sal dra. Net so sal 'n slegte boom ook nie goeie vrugte kan dra nie.

Nou wil ons graag weet van watter vrugte Jesus hier praat. Die eerste soort vrugte wat by ons opkom het te doen met die karakter van die mens. Indien 'n leraar die vrug van die Gees vertoon in sy lewe, as liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing in 'n leraar gesien kan word, het ons goeie rede om aan te neem dat so 'n leraar 'n ware leraar is en nie vals nie. En aan die ander kant, wanneer hierdie eienskappe kortkom in sy lewe, of wanneer onsedelikheid, vyandskap, haat, woede en uitspattigheid soos kakiebosse opskiet, kan ons die regverdige afleiding maak dat hierdie leraar 'n valse leraar is. 'n Goeie boom kan nie slegte vrugte dra nie.

Maar 'n mens se karakter bring nie die enigste vrugte uit 'n mens se lewe voort nie. Waar die hart van vol is, daarvan sal die mond ook oorloop. Daarom is die woorde van 'n leraar ook die tweede soort vrugte waaraan hy getoets kan word of hy waar of vals is. Die enigste sinvolle manier om die woorde van 'n leraar te toets, is om dit aan die Woord van die Here te toets. 'n Ware leraar, so het Jeremia dit al gesê, sal die woorde van die Here eerlik verkondig. Sy woorde sal in ooreenstemming wees met die Woord van God.

Die mens wat egter die Woord van die Here verdraai en, soos Paulus sê, 'n ander evangelie verkondig as wat ons ontvang het, maak homself deur sy woorde as 'n valse leraar bekend. Daardie leraar wat, in plaas daarvan om die kerk in liefde te lei om van die sonde ontslae te raak, blind is daarvoor net ter wille van die liewe vrede, is 'n leraar wat nie vertrou kan word nie. Sy stilsweye of floue vermaning oor die sonde, spreek nie van omgee, soos wat hy wil voorgee nie, maar eerder van geen liefde nie. Die leraar wat besorg is oor die Here se skape sal toesien dat die stukkende plekke skoongemaak en verbind word. Dit is net 'n wreedaard wat die Here se kudde blind hou vir die verkeerde dinge, terwyl hy weet dat hierdie verkeerde dinge hulle uiteindelijke ondergang kan beteken.

Geliefdes, dit is nou maklik – en ons sal seker dit eerder wil doen – om vanuit hierdie Skrifgedeelte na ander leraars te gaan kyk. Ons hou mos daarvan om ander mense oor die vingers te raps en hulle slegte dinge uit te wys. Maar ons moet eerder doen wat ons aan die begin gesê het. Ek, as leraar in hierdie gemeente van die Here, moet myself in die lig van die Here se Woord aanhoudend ondersoek sodat ek van alle valsheid ontslae kan raak. Maar die opdrag gee die Here nie net aan my nie.

Die gemeente van die Here word opgeroep om seker te maak dat hulle leraar eg is en eg sal bly. Aangesien die predikant net soos die res van die gemeente voor die Here staan as 'n geredde sondaar, moet lidmate vrymoedig wees om, waar hulle valsheid in die lewe of leer van die predikant opmerk, met hom daarvoor te praat, hom selfs te vermaan indien dit nodig is. Die Here het ons immers vir mekaar gegee sodat ons na mekaar sal omsien. Laat ons dan ook vir mekaar bid. Bid dat die Heilige Gees ons in die vaste spore van die Here sal hou sodat sy kerk 'n ware kerk kan bly en nie vals word as die leraar vals word of is nie.

Amen!

Gebed

Formulier vir die bediening van die heilige doop aan kinders

Psalm 105:5 (p. 515)

- 5 Die HEER wat van geen wankel weet nie, / sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag / tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vrind, / bevestig Hy van kind tot kind.

Slotpsalm 86:6, 8 (p. 433)

- 6 Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel;
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.
HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,
nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.
- 8 Maar barmhartig en lankmoedig, / groot van goedheid en oorvloedig
in genade, en altoos trou / is die HEER wat my behou.
Wend U tot my in ontferming, / red my, toon my u beskerming!
Hoor my, HEER, 'n seun is dit / van u diensmaagd wat hier bid.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
13 Januarie 2019